# DIE SKILDER IN DIE HUIS OP DIE

DEUR CHRIS BARNARD

**Daar is drie dinge waarmee die Suid-Afrikaanse skilder, Gordon Vorster, spog. Een daarvan is die feit dat hy byna twee rondes lank teen die gewese swaargewigbokskampioen van die wêreld, Primo Carnera, op sy voete staande gebly het . . .**

HY het sy huis op die rots gebou soos dit 'n man betaam wat die dag van môre in ag neem. Die huis self is ook van klip — klip wat hy uit sy eie grond gehaal, gekap, gewas en in mure ingemessel het wat twintig duim dik staan.

Dis 'n tamaai huis wat wegsmelt tussen die grys klipkoppe suid van Broederstroom waar die Jukskei- en Krokodilrivier inmekaar vloei. Staan jy op een van die voorste balkonne, dan kyk jy oor 'n afgrond van sestig voet tot in die groen stroom reg onder jou waar reiers tussen die riete sit en slaap.


Die huis, soos die man, het baie fasette. Daar is nisse en kaggels en trappe en pilare op die mees onverwagte plekke. Hier en daar steek gedeeltes van die rots waarop hy gebou het onder 'n trap of langs 'n muur uit met die wit wortels van 'n wurgvyboom nog tussen die splete sigbaar.

Teen die mure hang kwaggavelle, groot koperskottels, duur olieverfskilderye van blouwildebeeste wat in 'n vaal mistigheid tussen die soetdorings wei, skilderye van swartwitpense wat in die son pronk en elande wat oor 'n geel vlakte galop.

Die man wat die skilderye gemaak het, is ook die man wat die huis gebou het: die vader van die huis — Gorden Vorster.

Hy's 'n man van vier-en-veertig, stewig gebou, ligte krulhare in die nek, 'n ewe ligte baardjie aan die ken. En hy, soos sy huis, het baie fasette. Die een oomblik is hy kunstenaar, die volgende oomblik besorgde vader, dan filosoof of sinikus, dan broeiende twyfelaar, dan harlekyn. En die meeste van die tyd is hy driekwart van dié dinge tegelyk.

Hy ondersoek alles en behou die beste daarvan. Hy was al digter, bouer, sanger, klipbreker, toneelspeler, boer, argitek, soldaat, filmmaker, rekenmeestersklerk, draaiboekskrywer, messelaar, beeldhouer — en skilder. Van



# ROTS






al die dinge was hy in die eerste plek en is hy nog steeds skilder.

Om in Suid-Afrika 'n kunsskilder te wees, het vroeër beteken: droë brood en 'n agterkamer van die een of ander middelklas-losieshuis. Dis miskien vandag nog so vir dié wat onder op die leer staan. Maar vir dié wat al iets bereik het, is daar deesdae uitkoms.

Gorden Vorster is een van die wat bereik het. „Daar was tye," vertel hy, „toe ek elke dag van my lewe vir skuldeisers moes wegkruip. Daar was tye toe ek trots gevoel het die dag as daar suiker in die huis is. Maar ek het deurgedruk. Ek het hard gewerk — die hemel weet: ek hét hard gewerk. En kyk nou net . . ."

**BO: Die gesin sit kaalvoet voor die ateljee en gesels. Wie dra dan nou ook skoene in die gramadoelas? Van links na regs: Marianne (wat self skilder), hulle duur vymarana-spoghond Flebus (of Vlooibos, as ons wil), vader Vorster, Karen (sy maak kunskerse), moeder Yvonne (sy het vroeër geskilder en was joernaliste maar maak deesdae tuin), en die wolfhond, Sheba.**



**LINKS: 'n Merkwaardige huis, sê almal wat dit sien. 'n Forthuis aan die oewers van die Krokodilrivier naby Broederstroom. Hier woon Gorden Vorster, sy vrou Yvonne en sy twee tienerdogters Karen en Marianne, reeds die afgelope sewe jaar. Eers was dit net een kamer, maar jaar na jaar het daar nuwe mure bygekom totdat dit die indrukwekkende kasteel geword het wat dit vandag is.**

Van sy skilderye hang in uitsoekversamelings dwarsoor die wêreld — New York, Parys, Texas, Milaan, Johannesburg, Kaapstad; die naam Gorden Vorster onder aan 'n skildery maak die doek peperduur; tussen Broederstroom se berge lê driehonderd akker wat syne is — betaal; sy twee begaafde dogters bedien oesters en haring en olywe by die duur rooi wyn; en voor sy deur staan 'n nuwe Jaguar.

Sommige kunstenaars is sku vir die noem van hul materiële sukses. „Mag ons maar oor die Jaguar skryf?" wou ons dus weet. „Of voel jy dalk 'n bietjie sensitief oor die aanwesigheid van so iets in jou agterplaas?"

Hy vryf sy baard en kyk by die venster uit. „Ek vóel 'n bietjie sensitief daaroor ja," sê hy uiteindelik. „Maar jy sal seker tóg maar daaroor skryf. Sê dan asseblief net by: ek wou nie regtig 'n Jaguar gehad het nie, maar die Rolls was te duur."

GORDEN VORSTER is in 1924 in Warrenton in Noord-Kaapland gebore. Sy vader het daardie jare op 'n rivierplot in die omgewing geboer. Toe hy vier jaar oud was, verhuis die gesin delwerye toe — Wolpan en Klipdam se wêreld. Met die koms van die depressie moes hulle Kimberley toe waar sy vader naby die dorp op 'n eenmorg-plot met groente en hoenders probeer boer het. Gorden was veertien jaar oud, en dit was tóé dat hy die eerste keer die troffel hanteer het: hy moes help bou aan hulle rousteenhuisie tussen die groentebeddings.

Hy is na die Hoërskool Diamantveld toe waar hy tot standerd agt kon vorder. Toe was dit uitspring en self sorg. Hy het gaan werk as assistent vir 'n rekenmeester. Sewentien jaar oud toe slaag hy sy eerste rekenmeesterseksamen.

Die Tweede Wêreldoorlog het uitgebreek. Die jong Vorster is lugmag toe en na 'n kort maar intensiewe opleidingsperiode is hy Egipte toe gestuur as lugkannonier en radio-operateur. En later Italië toe.

Ná die vrede het hy in Italië aangebly om in die kunste te studeer. „Vandat ek 'n klein knop was," vertel hy, „het ek geteken en prentjies gemaak. My eerste lesse in die skilderkuns het ek nog by my grootmoeder ontvang. Toe ek nou in Italië sit en die oorlog is verby, besluit ek om aan te bly en te kyk wat die groot meesters my kan leer."

Hy het van Rome na Florence geswerf, na Parys — die ateljees besoek van beroemdes soos Picasso, Mattisse, Italio Carlo Cará, Fini. „Ek het sommer net aan hulle voete gesit," vertel hy, „en gekyk en geleer."

Gedurende die oorlog het sy tentmaat se niggie tuis, ene Yvonne van Schalkwyk, gereeld vir hulle kospakkies van die huis af gestuur. Op 'n dag het hy die niggie se adres gevra en vir haar 'n brief geskryf om dankie te sê vir alles wat sy vir hulle doen. Sy het die brief beantwoord; hy het weer geskryf en 'n foto gevra — en kort voor lank was daar 'n bloeiende posromanse.

In 1947, moeg van swerf in die vreemde en met Yvonne nog steeds 'n getroue korrespondent, het hy 'n skip gehaal huis toe, sy weldoenster uit die oorlogsjare gaan opsoek — en met haar getrou.


MAAR alles was nie ewe maklik nie. Hy wou formeel in die kunste studeer. En hy had net standerd agt. Yvonne het gesê: gaan leer; ek sal sorg. En hy hét. Hy het by die Universiteit van die Witwatersrand ingeskryf vir 'n B.A.-kursus in die Skone Kunste en vir niemand gesê hy't nie matriek nie. En niemand het gevra nie. Eers toe hy halfpad klaar was met sy kursus, het hy die geheim uitgelap, en toe was dit te laat vir keer.

Om te help sorg vir brood in die huis het hy so tussen sy studies deur artikels en verhale vir *Die Huisgenoot* geskryf. Van sy gedigte is in tydskrifte opgeneem en in die buiteland oor die radio uitgesaai — en dit het alles gehelp.

Vakansies het hy vir 'n rekenmeester gewerk.

Toe, in Desember 1949, met 'n B.A. agter sy naam, kry hy werk by Killarney Filmateljees as kunsregisseur en draaiboekskrywer; dit was Pierre de Wet se dae — die dae van die vroeë Al Debbo. Hy het ook saam met Zoltan Korda help maak aan „Cry the beloved Country" wat onlangs nog weer in Suid-Afrika hervrygestel is. En as daar tyd was,

# DIE HUIS OP DIE ROTS



tussen-in, het hy met amateur-toneelgroepe saamgewerk, décor geverf, self 'n bietjie akteur gespeel.

„En gesing ók!" vertel hy. „Waar is Bloemfontein se dae toe ek so lekker gesing het aan ‚The Road to Mandalay' en ‚Maanlig op die Vaalrivier se Waters' — ek was nogal goed met daardie twee liedjies . . . altyd lekker applous gekry, jy weet."

En daar was nog tyd, by alles, vir sy éintlike vak: skilder. Elke aand, al gebeur wat ook, het hy twee ure voor die esel deurgebring, plus een vol dag gedurende die naweek.

Maar veertien jaar lank — tot en met 1962 — was filmwerk sy belangrikste taak. Aanvanklik was dit net advertensierolprente, later dokumentêre films, nóg later hoofprente. „Ek het die medium leer liefkry," vertel hy, „en leer begryp hoekom sommige mense sê dis dié medium van ons eeu. Wanneer jy jou meester gemaak het van die filmtegniek, glo ek, is dít dalk die een medium waarmee jy letterlik alles sal kan sê. As skilder loop ek my soms nog vas in dinge wat nie met kleur en lyn gesê kan word nie. Die skrywer kom soms dinge tee wat weer nie net met die woord gesê kan word nie. Die komponis wil soms iets sê wat nie net met klank gesê kan word nie. Die film is die één medium wat alles behels: dis woord én beeld én klank gekombineer."

Maar oor sy eie werk as filmmaker, voel Gorden Vorster baie beskeie. „Ek het te gou opgehou daarmee," sê hy. „Ek was nog maar eintlik besig om die grammatika van die filmkuns aan te leer. Ek het nog leer spel."


Hoe graag hy ook al wou voortgaan in dié koers, die esel en die oliekwas het teen daardie tyd reeds te hard geroep. Twee jaar tevore, in 1960, het hy die lap grond naby Broederstroom gekoop en op 'n dag het hy besluit hy gaan daardie groot sprong die donker in waag waaroor enige toegewyde kunstenaar 'n leeftyd lank droom: hy gaan sy werk bedank en voltyds skilder word — op die plaas.

Die eerste ruk het hulle tussen die tamboekiegras in 'n karavaan gebly. Toe het hy 'n kamer gebou en hulle het by die kamer ingetrek.


En sedertdien is hy nog altyd messelaar op sy werf. Jaar na jaar het die huis groter geword. Vandag is dit reeds 'n kasarm van 'n plek — maar kyk jy by sy ateljeevensters uit, dan flits daar troffels tussen die bome: daar word nog strykdeur aangebou en die plek gaan glo binne afsienbare tyd twee keer so groot word as wat dit tans reeds is. „Die dogters moet elkeen 'n eie woonsuite kry, daar is pakkamers nodig, was-

**REGS: Hy was al digter, messelaar, sanger, boer, toneelspeler, klipbreker, filmmaker, soldaat, argitek, rekenmeestersklerk, draaiboekskrywer, beeldhouer — maar bo alles was hy nog altyd en is hy nog steeds skilder.**

**ONDER: Karen, die kersmaakster, is lief vir haar diere. En Flebus is lief vir Karen.**



**ONDER: Hy is beeldhouer ook, hoewel hy hom nie daarvoor uitgee nie. Dié klip het hy op die werf kry lê, dit bekyk, dit staangemaak en met die hamer en bytel bygekom. „Dit word iets," sê hy, „ek sal later besluit wat."**





**BO: 'n Deel van die Vorster-woning van binne.**

kamers, en allerlei sulke snaakse ou goetertjies."

DIE feit dat hy op sy stuk grond kon gaan woon en die skilderkuns beoefen, het egter nie beteken dat hy onafhanklik geword het nie. Hy moes steeds nog maar los werkies doen om die pot aan die kook te hou. Draaiboeke skryf vir opvoedkundige films was een bron van inkomste. Op 'n keer moes hy selfs by 'n klipbrekersaak gaan voorman speel om die wolf van die deur te hou.

„Maar die afgelope twee jaar," sê hy, „gaan dit klopdisselboom. My skilderye bring vir my genoeg in. Ek skilder elke oggend en kry heelwat gedaan."

Sedert hy sy heel eerste uitstalling in 1955 gehou het, het daar in die loop van veertien jaar nege-en-veertig ander gevolg, terwyl van sy werk gekies was om op die Venesiese Biënnale en die Suid-Afrikaanse Uitstalling in Hamburg vertoon te word.

Hy reis gemiddeld sowat 30,000 myl per jaar deur suidelike Afrika se gramadoelawêreld op soek na die bont patrone van vlugtende kwaggas, die skoon buitelyne van 'n eland, die grys hittedans op 'n dor vlakte. Soms gaan hy Laeveld toe, soms is dit Angola, Rhodesië, Malawi, Namakwaland, Mosambiek — die Kalahari. Veral die Kalahari, „want," sê hy, „dis waar my hart lê".

Die wêreld wat hy skilder, is meestal 'n ongerepte een, 'n onbedorwe natuurwêreld wat nog nie die mens se spoor dra nie.

Elke skilder, sê hy, werk sy hele lewe lank daaraan om een klein persoonlike waarheid te belig. Rembrandt se ganse arbeid sê op die ou end maar net: die lig kom van binne af. Michaelangelo wou maar net sê: die mens is die middelpunt van die heelal. Max Ernst wou sê: die wêreld is besig om te ontbind.

„Nou sal jy my vra: wat probeer Vorster in sy werk sê?" Hy krap sy kop asof hy dié vraag nie verwag het nie, al het hy dit self gevra. „Dis moeilik om dit in een sin op te som."

Hy kyk oor die rivier uit, oor die klipkrans oorkant die huis waar die dassies bruin en rond in die son sit.

„Elke keer as ek in die Kalahari kom, dan tref dit my weer. Jy sal 'n verrimpelde omie en sy verrimpelde tannie op die stoep kry sit terwyl die son ondergaan. Hulle sit en drink hulle brakwater en dop; dis droog, dis warm, dis alleen, dis primitief. Goed, hulle is arm, sal jy sê. Hulle het geen ander uitweg as om in daardie verlate wêreld te bly sit nie. Maar ek sê vir jou: hulle is ryk. Skatryk. Ook materieel gesproke. Hulle het meer in die bank as wat ek en jy in 'n leeftyd sal verdien. Hulle kan dit bekostig om 'n villa op die Franse Riviera te koop en met vliegtuie die wêreld vol te rits en kaviaar te eet en duur likeurs te drink. Maar hulle sit op die voorstoep en kyk hoe die son agter die stofbanke ondergaan, en netnou staan die tannie op en gaan maak vetkoek in haar bedompige koolstofkombuisie.

„Ek, wat Gorden Vorster is, wil in my werk probeer verduidelik hóékom. Hóékom hierdie mense die brakwater en die dop en die hitte en die eensaamheid verkies bo die weelde van 'n villa aan die Riviera."

Of hy dit gaan regkry eendag, weet hy nie. „Ek beskou myself nog as student in die skilderkuns. Elke dag nog leer ek en ontwikkel ek. Elke dag is 'n studiedag aan die voete van die kuns. Hier is nog geen finale bereiking nie, net 'n durende onderweg-wees."

Hy kyk skielik op en daardie oë van hom blits ineens 'n bietjie. „Maar ek wil jou ók sê: ek sal sirkels skilder om enige ou wat jy hiernatoe bring — maestro of nie maestro nie. Ek sal hom so deurmekaar verf dat hy sy kwassies vir goed sal bêre!"

BESKEIE én vol selfvertroue. En die selfvertroue is nodig, sê hy. Die skilder wat nie glo hy kán nie, sál nooit kan nie.

Daar is dus dinge waarmee hy spog — maar net wanneer hy in ligter luim verkeer. „Drie dinge is ek op trots," sê hy, „en jy kan dit gerus maar daar skryf. Nommer een: ek het twee rondes lank saam met die wêreld se gewese swaargewigbokskampioen Primo Carnera op my voete gebly. Twee: ek is die enigste Suid-Afrikaanse skilder wat 'n uitnodiging van die hand gewys het om in Sao Paulo uit te stal. Drie: ja, drie is moeilik; dit het te make met my vrou en my twee dogters. En daaroor praat ek nie maklik nie."

Twee rondes saam met daardie reus Carnera?

„Twee rondes, ja." Hy oorweeg die saak. „Goed, dan . . . een en 'n kwart ronde." Dit was in die oorlogsjare in Italië. Hy het 'n bietjie geboks en op 'n dag hoor hy hulle moet aan 'n reeks uitdungevegte deelneem. Wat hy nié geweet het nie en wat die ander boksers in sy kamp skynbaar wél geweet het, was dat die wenner van die uitdunne 'n kans teen Carnero sou kry. „Gevolg was . . . al die ander ouens

# DIE HUIS OP DIE ROTS

sorg toe dat hulle uitgeskakel word voordat hulle by Carnera kom. Arme ek wis van niks en ek klits die een ou na die ander om. En toe ek weer my oë uitvee — hier staan ek saam met die grootman tussen die toue.

„Wat kon ek doen? Ek moes maar baklei. Ek storm in en ek slaan en hy keer nie eens nie. Dan vat ek 'n hou hier reg van onder af en ek gooi hom boontoe met alles wat ek kan insit dat dit soos 'n geweerskoot teen die grote se ken klap. En as ek klaar geslaan het, voel ek my vuis is lam en my arm is lam en alles van my is lam tot in my tone. Dan maak ek my oë oop en ek soek hom waar hy moet lê, dan staan hy nog altyd hier voor my en hy glimlag van oor tot oor.

„Een en 'n kwart ronde, toe stoot hy sy vuis uit en toe lê ek en toe staan ek nie weer op nie, dankie."

En nommer twee? Die feit dat hy 'n geleentheid laat verbygaan het om sy werk in Sao Paulo tussen dié van die wêreld se uitsoekkunstenaars te hang?

Hy stel nie belang in die buiteland nie, sê hy. Wat hy te sê het, wil hy vir sy eie mense sê. „Internasionale roem was 'n jeugdroom. Vandag stel ek nie meer daarin belang nie. Daardie mense daar oorkant is baie besig; ek wil hulle nie lastig val met my boodskap nie, want dis 'n boodskap wat nie vir hulle bedoel is nie. Dis 'n boodskap wat uitsluitlik tot my eie mense gerig is."

Nommer drie? Sy vrou en sy twee dogters? Hy kyk na hulle en hy sê niks, maar iets in sy gesig sê vir jou alles.

Hy is 'n gesinsmens. „Die meeste jong kunstenaars," voel hy, „wil afbreek en uitmekaar jaag. Hulle glo nie aan die samelewing nie. Hulle glo nie aan die gesin nie en weier om die verantwoordelikhede van 'n gesin te dra.

„Ek persoonlik glo die teendeel. Die gesin, voel ek, is die anker en die rigsnoer van 'n kunstenaar — daarsonder is hy koersloos. Iemand wat nie eens die basiese eise kan nakom wat 'n gesin aan hom stel nie — hoe op aarde gaan hy die veel groter eise nakom wat die kuns aan hom wil stel?

„En dis dié wat as mense faal, meestal, wat uiteindelik ook as kunstenaars faal. Dis dié wat vir die eise van 'n daaglikse verantwoordelikheid vlug wat gewoonlik ook die basiese eise van die kuns probeer omseil. Dis dié wat as mens identiteitsloos wil wees, wat ook as kunstenaarsidentiteit ontbreek.

„Hoeveel van ons Suid-Afrikaanse kunstenaars is daar nie wat agter elke buitelandse grilletjie aanjakker asof dit oornag evangelie geword het. Almal wil saamdraf en saamskree: ons is ook Op en ons is ook Pop!

„Ek soek iemand wat as kunstenaar en as mens bereid sal wees om te sê: dít is ék — só lyk ék — dít ontroer mý — dít is dat ék vir julle wil sê."

HIER is 'n man wat homself gevind het. Dit het hom baie jare se swoeg en sweet gekos, baie val en opstaan, maar hy het 'n stadium in sy lewe bereik waar hy sy naaste en die wêreld vierkant in die oë kan kyk.

Ons staan buite op die rotse langs die rivier. Daar is 'n vaal reëntjie oor die klipkoppe in aantog en die son gaan onsigbaar onder. Die klipdassies is weg en nog net die reiers sit oor die water en kyk.

„Dié plek," sê hy, „het baie daartoe bygedra om van my 'n mens te maak. Hierdie paar klipkoppe en die rivier en die doringbome. Dis vir my 'n werkplek, ja, en soms gaan ek Kalahari toe om te rus — maar dis 'n gesonde werkplek dié.

„Toe ek hier aangekom het sewe jaar gelede was daar geen funksie van my liggaam wat nie deur pille gestimuleer moes word nie. Ek moes pille drink om te slaap en pille om wakker te word. Ek moes pille drink om my maag aan die gang te kry en pille om my maag tot bedaring te bring. Ek moes pille drink om te lag en pille om nie te lag nie. Pille om te kan sit en pille om te kan opstaan.

„Ek was skaars ses maande hier toe gooi ek die laaste pilbottel in die rivier. Die visse het byna daarvan gevrek. Vandag is ek jonger as wat ek twintig jaar gelede was."


Hy het dus hoegenaamd geen klagtes meer nie?

„'n Paar," sê hy. „Tog 'n paar."

Soos?

„As ek in New York sit en ek bel huis toe, kom ek binne 'n halfuur deur en ek en Yvonne gesels land en sand. As ek uit Johannesburg uit huis toe bel — dis vyftien myl soos die kraai vlieg — kom ek ná agt-en-veertig uur by Dullstroom-sentrale uit en as ek sê ek wil Broederstroom hê, vra die juffie of ek stuitig is."

Sy het nog nooit gehoor van so 'n plek nie. *



BO: Gordon Vorster werk elke dag soos 'n esel voor sy esel. Om voltyds kunsskilder te wees, sê hy, beteken nie loshotnot wees nie. Dit beteken swoeg en soek en sweet vir 'n vales.